# Rooi Els Ratepayers Association 1/97

# Rooiels Belastingbetalersvereniging 1/97

# bries breeze

***In hierdie uitgawe:***

- ***Honorary Life Members***
- ***Uitslag van verkiesing van 1997 komitee***
- ***Spending of Somchem Money***
- ***Ingang tot Rooiels***

## Redaksioneel
## Editorial

**Terugskouend** was 1996 'n besige jaar vir die Belastingbetalers-vereniging. Die bestuur het nie minder nie as 12 amptelike vergaderings gehou om die belange van Rooiels te bevorder. Verder was daar talle informele vergaderings, besoeke en bywoning van vergaderings van ander organisasies en forums.

**1997 promises** to be even busier, because of ever greater challenges being faced by Rooi Els. There is creeping commercialism which is in opposition to the Rooi Els Vision and which threatens to destroy the unique character of our village, the impact of day visitors on Rooi Els and the handling thereof, the onslaught on sea life, the problems surrounding the entrance to the village, drawing up a structure plan for the nature reserve as well as a fire-fighting plan, to name only a few.

**Aan** die positiewe kant het ons nog ons dorp se unieke karakter. Die ledetal van ons vereniging het 'n nuwe rekordtal bereik. Die nuwe bewuswording rondom die belange van Rooiels het verder uitgebrei en die bywoning van die Algemene Jaarvergadering het byna verdubbel. Ons het baie om voor dankbaar te wees.

**Sedert** die eenparige aanvaarding van die **Visie vir Rooiels**, tydens die AJV, het die belangrikheid van hierdie dokument al hoe duideliker geword. Met hierdie dokument as riglyn verseker ons die nageslag van 'n natuuromgewing wat bewaar en behoue sal bly.

**The Bries/Breeze** is the mouthpiece of the ratepayers' association and it will be used to keep you up to date on developments in and around Rooi Els. We would like to hear from you, either in the form of questions or contributions, and constructive criticism is always welcome.

**Onthou** dat die belange van Rooiels aan die REBV-komitee toevertrou is om Rooiels altyd eerste te plaas.

Groete

Gerard Scholtz

## The results of the election of the **new commitee** of the RERA, held on 27 December 1996

| | |
|---|---|
| Mr Diarmuid Baigrie | 48 |
| Ms Jean Cowan | 50 |
| Mr Geoff Harris | 56 |
| Mr Willie Pienaar | 55 |
| Mr Frank Raymond | 64 |
| Mr Gerard Scholtz | 53 |
| Mr Andre Wagener | 56 |
| Ms Evette Weyers | 63 |
| | |
| Mr Leo Kemmink | 20 |
| Dr Tersia King | 30 |
| Ms Dulcie Nel | 21 |
| Dr Elize Prins | 17 |
| Mr Ernst Thomson | 20 |
| Dr Johannes Visser | 24 |
| Mr Wolfgang Wödrich | 25 |

Vote Counters:
Mr Hans Els *Member of RERA*
Mr Jo Hensen *Member of RERA*

Observers:
Ms Julia Aalbers *Councillor for Rooi Els*
Dr Elize Prins *Candidate and Member of RERA*

**Tydens die eerste vergadering van die nuwe Bestuur van die REBBV is die volgende portefeuljes deur die verkose bestuurslede gevul:**

Voorsitter:
*Geoff Harris*

Onder-voorsitter en Paaie:
*Willie Pienaar*

Sekretaris:
*Frank Raymond*
(Semi-permanente inwoner)

PRO en Tesourier:
*Gerard Scholtz*
(Permanente inwoner)

PRO en Seewag:
*Evette Weyers*
*(Permanente inwoner)*

Natuurbewaring:
*Jean Cowen*

Veiligheid en Sekuriteit:
*Andre Wagener*
(Permanente inwoner)

RE Bootklub en Duinebestuur:
*Diarmuid Baigrie*

## ERELEDE

**Vir die eerste keer in die geskiedenis van die REBBV is twee lede as *lewenslange erelede* voorgestel en tydens die AJV is oom Skakel Kriek en Dr Dennis Cowen eenparig aangewys. Die volgende lewensketse oor hulle is opgestel:**

## OOM SKAKEL

is op 20 Februarie 1905 op die plaas Maarman naby Fouriesburg gebore.

Hy was een van 12 kinders. Die Kriek-kinders was tot 10-jarige ouderdom op 'n plaasskooltjie en daarna moes hulle te voet, te perd, per ossewa of fiets, na die dorp-skooltjie op Fouriesburg gaan.

Oom Skakel behaal die grade B.A. -tale met Grieks en Hebreeus, en e M.A. in Afrikaans-Nederlands aan die Grey Universitietskollege en tot die einde van sy studies dra hy selfgemaakte velskoene. Deur bemiddeling van D.F. Malherbe, van Hans-die-Skipper-faam, het hy verslaggewer van Die Volksblad geword en vorder tot assistent-redakteur .

In 1955 verhuis sy gesin, wat uit sy vrou Freda en die drie dogters bestaan, na Kaapstad waar hy redakteur van Die Landbou-weekblad word.

Na sy aftrede begin hy by Die Burger werk en na 64 jaar as joernalis tree hy finaal uit. Op 75 raak oom Skakel rekenaar-geletterd!

In 1957 koop hy 'n erf op Rooiels vir £83 en later nog 'n erf vir £300. Op die een bou hy 'n motor-huis en op die ander 'n woonhuis wat hom in 1971 R6 000 kos.

In die vroeë sewentigerjare stig hy saam met Pieter Fourie, die dramaturg, en 'n eiendomsagent, Carlos Sabbe, die eerste Rooiels Belastingbetalersvereniging en is hy dan ook die eerste voorsitter.

Sedertdien veg hy verbete om Rooiels so ongeskonde as moontlik vir ons te hou.

## Professor Denis Victor Cowen

Lawyer, legal philosopher and writer, Denis Cowen, is now rising 80. For more than 50 years, he has served his profession and the wider general public, while successfully pursuing several different but complementary careers. Thus:

* From mid-1945 to the end of 1961 he was a well-known professor of law in the UCT, being

Dean of the Faculty and a member of the UCT's Council for several terms;

* For some six years, from 1962, he was a professor of law and Director of Legal Research in the University of Chicago;

* For some twenty years he was the constitutional adviser first to the Government of Basutoland (as it was when he began work there) and then to successive Governments of Lesotho, continuing his work there into the late 1960's until after that country's independence;

* From 1970 until 1980 he was the Chief Legal Adviser to the Johannesburg City Council, specialising in environmental and town-planning issues;

Prof. Cowen first acquired an international legal reputation with his publications on, and involvement in, the constitutional crises of the early 50's concerning Parliamentary Sovereignty. He is the author of several books and of many papers in learned journals. He is currently Chairman of the Rooi Els Court-Order Water Monitoring Committee; and was recently elected - together with Prof Andre Rabie of US and Judge Mark Kumleben - an Honorary Life Member of the South African Environmental Law Association.

Dennis Cowen's interests and achievemens go well beyond the law - and embrace literature, history, philosophy and his great love for Rooi Els, which he has served for many years on different levels.

## FROM THE CHAIR



I look back on the dedication and achievements of your committee over the past year with a great deal of pride. They have been fantastic! And with the co-operation of our loyal and hard-working Councillor, Julia Aalbers, 1996 was a momentous year. Those of you who attended the AGM heard the committee members' individual reports. The reception they received from members made all the time spent, and frustrations experienced, well worthwhile.

Die rekordbywoning by die AJV getuig van die belangstelling wat belastingbetalers oor die algemeen neem in Rooiels se sake. By 'n onlangse vergadering met ons burgemeester, Willie Smuts, was hy verstom oor die verteenwoordiging en ondersteuning wat die REBBV geniet - ongeveer 30% van belastingbetalers is lede. In die meeste ander gebiede word belastingbetalersverenigings as effektief beskou indien hulle slegs 10% ondersteuning geniet.

Die komitee is sonder enige veranderings herverkies. Hulle het ongeveer 75% van die totale aantal stemme op hulle verenig. Dankie vir hierdie oorweldigende mosie van vertroue. Dit wil dan voorkom dat Rooiels se belastingbetalers die *Rooi Els Visie* ondersteun. Dalk spruit hierdie ondersteuning daaruit dat hierdie visie gebaseer is op die grondwet van die REBBV asook die wense van die meerderheid lede soos dit oor jare heen grondslag gevind het.

Some of the unsuccess-ful candidates have started an alternative association, called the Rooi Els Residents' Association. It is rather sad that such a small and tightly-knit community is bound to be split by such action. However, the RERA welcomes every contribution to the welfare of Rooi Els and therefore welcomes these newcomers to the service of Rooi Els and wishes them well. Perhaps they will lighten our load just a little! It will be great to have another group environmentally involved: hacking, cleaning up and generally doubling up civic actions. We will watch their activities with great interest and hope they will combine forces with us on certain projects for the betterment of Rooi Els.

Ons moet verstaan dat komiteelede van die REBBV hulle dienste gratis aanbied. Hulle doen dit vir die liefde vir die saak van die unieke karakter van Rooi Els en geniet die mandaat van die belastingbetalers om dit te bewaar. Dit is ook belangrik om te besef dat ons suiwer as waghonde en in 'n adviserende hoedanigheid optree en dat ons op amptenare van die munisipaliteit moet staatmaak vir die uitvoer van u versoeke. Ons uitvoerende komitee is ook trots op sy a-politiese benadering. Ons glo dat dit belangrik is omdat dit verhoed dat ons vasgevang word in klein politiekery tot die nadeel van Rooi Els.

IF YOU ARE READING THIS AND ARE NOT A MEMBER OF THE RERA, PLEASE NOTE THAT WE ARE NOW UNABLE TO AFFORD TO SEND THE BREEZE TO NON-MEMBERS AND KEEP YOU UP TO DATE. IF YOU WOULD LIKE TO RECEIVE FUTURE ISSUES OF THE BREEZE, PLEASE COMPLETE THE APPLICATION FORM FOR MEMBERSHIP AND INCLUDE R30 AS INDICATED.

BEST WISHES FOR 1997! MAG DIT 'N BESONDER GESEËNDE JAAR VIR U ALMAL EN VERAL VIR ROOI ELS WEES.

YOURS IN SERVICE

GEOFF HARRIS

CHAIRMAN: RERA



## EXCO MEETING

Gedurende die Februarie-vergadering van die uitvoerende komitee is die volgende gerapporteer.

- Die Hackkomitee bestaan uit die volgende persone: Jean Cowen, Anuta Scholtz, Bertie Volgraaf, Elida van Dyk en Kay Cooper Hulle voorsien dat daar in die toekoms elke eerste Saterdag van die maand 'n kapdag sal wees.
- The hack committee in conjuction with the Wild Life Society of Somerset West will jointly host a hack on the small holdings south of Rooi Els on Easter Monday.
- Ene mnr Stormberg, wat moontlik 'n voorstel het oor spoedbulte vir grondpaaie, gaan gevra word om sy voorstelle op skrif te plaas en moontlik die oorgangsraad hieroor toe te spreek. Rooiels se spoed- en parkeerprobleem moet nou as 'n saak van dringendheid gesien word.
- The Boatclub AGM will be held on Easter Saturday from 11:00 to 13:00 at erf 101. The problems experienced at the slipway and in the bay during the season will be discussed at the AGM.
- A letter will be sent to the town clerk to try and establish when the bottle bank could be expected at Rooiels
- The road engineer intends to proceed building the proposed parking area close to Rooi Els, just beyond the bridge. This facility will put the unique Rooi Els estuary and the dunes at risk. The Exco will still protest at any such action. The mayor, mr Willie Smuts, will also liaise with the chief road engineer in this regard.

## Brande

## Fires



Fire must be reported as soon as possible to the Municipal Office at tel. 299263 or Mr Carl Muller at tel. 29594.

Moet asseblief nie op ongemagtigde plekke vuur maak nie en sien toe dat vure behoorlik geblus is voordat u u eiendom verlaat.

## Skemerkelk



Op Vrydag 7 Februarie het die REBBV-komitee 'n skemerkelk vir die raadslede van die Oorgangsraad by Drummond Arms aangebied. Sewe raadslede en hulle gades het die geleentheid bygewoon.

'n Gesellige aand is deurgebring waartydens almal mekaar beter leer ken het.

## Rooiels in Season!

*IT BECAME OBVIOUS THAT CONTROL AND MANAGEMENT OF THE BOOM AT THE SLIPWAY NEEDS ATTENTION

*DIE WETSTOEPASSINGSBEAMPTE IS MAAR MIN OP ROOIELS GESIEN

*ROSIE'S EXPERIENCED A DOUBLING IN BUSINESS COMPARED WITH OTHER YEARS

*Vullisverwydering was met tye chaoties

*Parking in Rooi Els became a serious problem, especially near the slipway and beaches

*Stropery van ons seelewe vind plaas

*But Seawatch was wide awake and manned their posts

*30 Skoonmakers trotseer die wind op Swartsakdag

*Oujaarsdagaand skiet die mense vir die eerste keer klappers op Rooiels dat die muishonde begin huil en die bobbejane liewer Johannesburg toe wil trek. (Mag dit nie weer gebeur nie!)

*Uninformed people fed the baboons (those which remained!)

* 120 Mense woon die Belastingbetalers se AJV by

*Many people were enthusiastic about the bird walk and the sea life workshop which took place

*'n Groot familie respekteer nie die natuurreservaat nie en ry met hulle 4X4 deur die fynbos tot teen die rotse om hulle boot daarvandaan te water te laat!

*The John Rolfe helicopter landed on one of our beaches and disturbed our breeding sea birds

*Jaery en swak gedrag op ons paaie neem ernstige afmetings aan

*The Municipality's quick response solved our water problems on Christmas Eve

*Minderjariges jaag met driewielmotorfietse deur die strate dat die stof so staan. (Na klagtes slyp die nuwe verkeersbeampte glo sy tande...)

*Other minors shot at our dassies with their guns

# Bird Chat



**We** concentrated our last Bird Chat on nesting as Rooi Els offers such splendid variety. You may have noticed the weather patterns are altering and "summer" started much later - so, too, did the nesting activities. Many birds are now raising second broods, an indication of plentiful food supplies and contentment in their surroundings.

**In** our own garden the first broods, now teenagers, are learning the art of fending for themselves. Like their human counterparts some teenagers are more reluctant to leave home than others! Close observation of certain species also reveals that the young have to be "educated" (No Bengu cuts in the bird world!) concerning what to eat, how to catch it, etc. This also depends upon the type of chick. Some are able to fend for themselves, are feathered and mobile immediately after hatching (PRECOCIAL), e.g. Whitefronted Sandplovers (Vaalstrandkiewiet), others are helpless and totally dependent on their parents (ALTICIAL), e.g. Cape Robins (Gewone Janfrederik) or Cape Bulbuls (Kaapse Tiptol). The very best place to observe birds is your own backyard. Ironically, it's the most common species that are neglected and surprisingly little is known about some of them.

**Food** and water will encourage birds into your garden. In our own garden the Cape Francolin (Kaapse Fisant) is at "home" until breeding time when it disappears into the wilder areas of Rooi Els, returning with its surviving youngsters for the corn handouts at a later date. The same is true of "our" Yellow rumped Widow (Kaapse Flap). Both have become very tame, the latter knocking on the patio window when the seeds run out! On one occasion we found his mate doing tight circuits of the lounge when the door had been left open. Our resident robins are also inquisitive and will spend time investigating the garage and stoep when doors are left open. They are also very particular about fresh water for bathing in. More than once we've had reproachful looks when the bird bath is not up to scratch.

**We've** spoilt our Greater striped Swallows (Grootstreepswael) who came

looking for cottonwool handouts for nest linings. Fruit trimmings bring frenzied activity from mousebirds (Gevlekte Muisvoëls) and bulbuls and a chance to observe them at close quarters. Our open stoep takes on aviary proportions in inclement weather. We count ourselves very fortunate.

**If** you want our bird list or if you want a full monthly checklist for you to record your own sightings, please ring us at (02823) 28528. We are always interested in your information for our records. Watch out for rare glamourous summer visitors like the European Bee Eater (Europese Byvreter) and our less common residents such as the Paradise Flycatcher (Paradysvlieëvanger).

Happy birding!

**Alison and Helen**

## *Hoogtepunt op sosiale kalender*

*Die Burgemeestersvrou van Hangklip-Kleinmond, mev Sonette Smuts, beplan 'n swierige, formele dans/dinee op 25 April 1997 in Kleinmond se stadsaal. Hierdie spoggeleentheid sal gehou word ten bate van Heideland pre-primêre skool en Krappies en Krefies speelskool.*

*It promises to be the highlight on the Hangklip-Kleinmond social calender and a memorable event. Mrs Smuts believes that never before in the history of our region has there been such a stylish occasion.*

*To ensure that you acquire a ticket, please phone Mrs Smuts at Blomhuis*

*(02823) 29226*

## UPGRADING OF ROOI ELS ENTRANCE AREA

DIE OPGRADERING VAN DIE PAD TUSSEN GORDONSBAAI EN ROOIELS VORDER GOED EN VOLGENS DIE KONTRAKTEURS, VERTROU HULLE OM, "AS DIE WEER VIR ONS GOED IS, DIE TERREIN TEEN DESEMBER 1997 TE ONTRUIM".

DIT BETEKEN DAT ONS WEER EENS DIE EERSTE HOOFBESTEMMING NA GORDONSBAAI SAL WEES. DIE VERBETERDE PAD SAL OOK BETEKEN DAT DIE AANTAL BESOEKERS AAN ROOIELS SAL TOENEEM EN DAARMEE SAL DIE DRUK OP PARKEERFASILITEITE TOENEEM. AAN DIE ANDER KANT BETEKEN DIT OOK GELEENTHEDE VIR ONS KLEIN SAKEGEMEENSKAP.

DIT IS DUS BELANGRIK DAT ONS BAIE OMSIGTIG MOET KYK NA DIE VERSKAFFING VAN VERBETERDE FASILITEITE BINNE DIE SAKESENTRUM, SONDER OM DIE NATUURLIKE OMGEWING WAARVOOR ONS SO LIEF IS EN SO GENIET, NEGATIEF TE BEÏNVLOED.

THE THREE OPTIONS ARE:

OPTION 1:

TO PROVIDE A TARRED, LIGHT-DUTY SURFACE, USING THE MUNICIPALITY'S MANPOWER AND HIRED EQUIPMENT, TO A WIDTH OF APPROXIMATELY 6 METERS. COST: APPROXIMATELY R40,000. IT SHOULD BE NOTED THAT HEAVY VEHICLES TURNING ON THIS MAY WELL DAMAGE THE SURFACE. (IMPLICATIONS ON RATES: ALREADY ABSORBED)


OPTION 2:

TO TAR THE ENTRANCE AREA PROPERLY WITH 40 MM ASPHALT TO A WIDTH OF 8 METERS WITH A PAVED PARKING AREA (USING 60 MM PRECAST BLOCKS) ON THE EXISTING SHOP SIDE, TO ALLOW FOR TURNING. COST: APPROXIMATELY R180,000. (IMPLICATIONS ON 97/98 RATES: 16,5%)

OPTION 3:

TO BLOCK PAVE THE WHOLE AREA (LENGTH OF ROAD - 80M; WIDTH OF ROAD - 8M; PARKING WIDTH - 5,5 M FOR A LENGTH OF 50M) AND ALLOW FOR STORMWATER DRAINAGE. COST: APPROXIMATELY R250,000. (IMPLICATIONS ON 97/98 RATES: 24%)

SO, EXPRESS YOUR OPINION! VOLTOOI DIE INGESLOTE VORM EN POS OF FAKS DIT AAN ONS.



## Mylpale van 1996

- 'n Rekord aantal lede sluit aan by die REBBV. Dit is die hoogste % in die Hangklip - Kleinmond Gebied. Daar is egter ruimte vir meer!
- There were no burglaries for the last 7 months of the year.

- Rooiels verkry sitting op die Natuurbewarings-adviesraad.
- The Seawatch organisation was established. Members are very active and the poaching of sea life was dealt a blow.
- Opgradering van die paaie vind plaas.
- The Rooi Els Vision was finalised and was accepted unanimously.
- 'n Protokol word opgestel waarvolgens ons drink-water deur Waterwese gemonitor word. Nie slegs water word gemonitor nie, maar ook die verwydering van die grondlaag wat deur Somchem besoedel is.
- Prof Denis Cowen and oom Skakel Kriek were accorded honouraray membership of the RERA.
- Die soneringskaart geniet aandag en is nou in die hande van die munisi-paliteit en dorpsbeplanners. (Die finalisering kan moontlik vertraag word deurdat die nuwe Inwonersvereniging van Rooiels 'n aansoek ingedien het teen die beoogde soneringsplan)
- The ground is being prepared for the establish-ment of a conservation trust for Rooi Els.
- 'n Plantbeheerdokument word deur die munisipaliteit goedgekeur. Die Verwydering van vreemde indringerplante verkry eersdaags wetlike status.
- The RERA gained representation on the Federation for Ratepayers' Association.
- 96 people lodged objections to the removal of a title restriction on Erf 324 enabling its sub-division. A further 116 people signed a petition against the proposed subdivision.
- Toilette word by die glipweg gebou.

## A Fynbos Garden



This year, because of the long, wet spring, the pincushions (leucospernum cordifolium and leucospernum conoparpodendrum or kreupelhout) had a long flowering season, and the protea obtusifolia which usually flowers in February and March, produced a rosy bloom a couple of months early, just in time to be the centrepiece in a posy for a friend on her birthday on Old Year's Eve. At Rooi Els the colours, white, pink, purple and deep red, characterise the months of late summer and autumn. Already the elegant cone-shaped spikes of small erica are glowing purple, and soon there will be festive processions of the pink and white Prince of Wales heath dancing along the banks of the streams on the smallholdings. I have not yet succeeded in growing this lovely erica, but plan to lead the water from the roof to create a damper area in which I hope it will flourish. It is time to think of buying plants to make the best use of the coming wet season. The Kirstenbosch sale of indigenous plants takes place at Kirstenbosch on 15 March. I go early, armed with a list of plants indigenous to our area, and boxes and baskets, as well as someone to help with the carrying. Unless it is possible to water the plants by hand, it is best to wait until the rains are imminent before planting them out. Most of those we have planted, survive. We throw handfuls of leaf mulch found in the garden into the holes dug for the plants, and water the holes before putting in the plants as firmly as possible We make a mulch of small stones around the roots, and then creat a windbreak with large stones, which we will keep in place for two or three years. Extra watering may be necessary for two summers after planting, and a few handfuls of leaves scattered over the stone mulch, will protect the plants from becoming too hot on scorching summer days.

The red glow of the Erica Mammosa used to be a common sight along the roadsides at Rooi Els. We have planted several over the past few years - not only the red variety, but also soft purple and white - and are now watching the flower buds swelling on the branchlets in preparation for a long and colourful flowering season.

JEAN COWEN

## 'n Voorstel!

Die volgende voorstel is van Paul Zwick ontvang: As gevolg van my werk reis ek baie rond en het hierdie goedkoop en omgewingsvriendelike spoedwalle op grondpaaie teëgekom. Ronde spoelklippe word in beton gepak in 'n 3m wye strook ongeveer 15cm bo die grondvlak. Dit gee die pad 'n ongelyke oppervlakte wat voertuie dwing om stadiger te ry.

Wat van ander voorstelle?

## PROPOSALS: Spending of Somchem Money

**As Rooi Elsers know, R40 000 is annually paid by Somchem to the Hangklip-Kleinmond Municipaility in terms of the Court Order. According to the Supreme Court order, the funds are to be used "for nature conservation, fire fighting and prevention, security at Rooiels and also the upgrading of roads."**

**Elsewhere in this Breeze, there are details of the upgrading of the entrance area where Somchem funds could be utilized. However, there is room for additional proposals, so let us know what you think should be done.**

### OPVOLGAKSIE: BESTRYDING VAN ROOIKRANS



Na die groot poging om die indringerplant, rooikrans, in sekere gebiede en op sekere erwe te verwyder, is opvolgaksies nou nodig om die saailinge wat nou so welig opkom te bestry. 'n Beroep word op alle Rooielsers gedoen om in hierdie stryd te help.

## IN MEMORIAM

Rooiels het onlangs twee van sy bekendste inwoners verloor. Namens die komitee en al die inwoners van Rooiels ons meegevoel aan die familie van:

**Lindsay Munnik** : He was 79 when he passed away, after living in Rooi Els for 20 years. A shy and sensitive man, he was generous to a fault with those he regarded as his friends. At many a braai he kept everyone amused with tales of their early caravanning and camping days around Africa. He is survived by his wife, Esme, who is still resident here and daughter, Yvonnne, who lives in Somerset West.

**Ewald Meyer**: Hy was 84 toe hy oorlede is. Hy en sy vrou, Margaret, was vir 21 jaar inwoners van Rooiels. Hy het ons harte geraak. Ons sal hom altyd onthou vir sy ruim vrygewigheid, sy sin vir humor en terglustigheid, sy liefde vir die veld, see en lewe in al sy vorms, vir die genot wat hy uit klein, eenvoudige dinge kon put. Hy het altyd plek gemaak en tyd gehad vir sy medemens. Hy laat sy vrou en dogter, Evette, agter.



## PARKING

Parkering in Rooiels oor die vakansieseisoen en naweke word 'n al hoe groter probleem. Veral die gebied naby die glipweg word erg getref. Kommer word ook uitgespreek oor 'n nuwe toeloop van besoekers wanneer die hoofpad na Rooiels voltooi is.

Die REBBV en Raadslid Aalbers het hierdie saak opgeneem en dringende aandag word daaraan geskenk.

## Erf 324

Tydens die Gewone Maandelikse Vergadering van die Hangklip-Kleinmond Oorgangsraad wat op 25 Februarie plaasgevind het, het die Uitvoerende Komitee aanbeveel dat by die Hoofdirektoraat Plaaslike

Bestuur en Ontwikkelingsbeplanning aanbeveel word dat die opheffing van die beperkende titelvoorwaarde met betrekking tot die boulynbeperkings van toepassing op erf 324, Rooiels, nie goedgekeur word nie. Die Raad het hulle eenparige steun toegesê.

Raadslid Aalbers is deur die Burgermeester, Mnr Willie Smuts, bedank vir die harde werk in hierdie verband.

## Brand van die Natuurreservaat




Die natuurbewaringsbeampte, Craig Spencer, het opdrag van die oorgangsraad ontvang om voort te gaan met die voorgestelde brand van die natuurresrevaat.(RENR)

Elke belastingbetaler van Rooiels sal binnekort in kennis gestel word van moontlike datums en die prosedures wat gevolg sal word.

Na alle waarskynlikheid sal die brand in Meimaand plaasvind.

Na so 'n brand sal die reservaat 'n baie sensitiewe gebied wees. Enige optrede wat die RENR sal beskadig, moet aan Craig Spencer gerapporteer word by 083 212 2253



## BECOME A MEMBER OF RERA!

## WORD 'N LID VAN REBBV!

Voltooi die ingeslote lidmaatskapvorm indien u nog nie as lid vir 1997 aangesluit het nie en pos dit met R30 aan Die Sekretaris, REBBV, Posbus 89, Bettysbaai 7141.

This will be the last Breeze that will be posted to you, if you are not a member of RERA.

# Otters

**Een** van ons streek se vele aantreklikhede is 'n dier wat selde gesien word, naamlik die otter (Aonyx capensis). Otters is betreklik groot diere met 'n massa van tot 15 kg, maar word baie min gesien omdat hulle sku is en meestal saans en soggens vroeg aktief is. As 'n mens egter iets van hulle gewoontes weet en mooi kyk, sal jy wel 'n otter raakloop.

**Die** eerste teken van otters wat 'n mens gewoonlik gewaar, is hulle mis. Otters mis op een plek en die mishope word nie weggesteek nie. Die vars mis het 'n kenmerkende skerp reuk wat dadelik die aandag trek. Die mis is ook maklik herkenbaar omdat dit hoofsaaklik uit krapdoppe en visgrate bestaan. Spore in die omgewing van die mishope gee verdere aanduidings van otters se teenwoordigheid. Die spore is kenmerkend omdat otters nie kloue het nie - vandaar dan ook die Engelse benaming, "Cape clawless otter".

**In** ons omgewing is daar meer kos vir otters in die see as in die riviere en hulle jag gevolglik meestal in die see. Omdat hulle egter hulle pelse in vars water moet afspoel, is die beste plek om vir hul tekens te soek daar waar 'n stroompie in die see loop.

**As** daar vars mis en spore in die omgewing is en jy die otters graag wil sien, moet jy vroeg opstaan en geduldig wees. Otters is gewoonlik vroegoggend van vieruur tot sesuur en saans van ongeveer sesuur tot tienuur, aktief. Hulle beweeg vinnig van hul skuilplekke na die see, maar wanneer hulle uit die see kom, bad hulle eers in die vars water, rol in die sand en bak dan droog in die son. Die beste manier om hulle te sien,

is dus om 'n uitkykpunt te soek, voor sonop stelling in te neem en geduldig te wag. Dit verg wel 'n bietjie moeite, maar om hierdie skugter diere waar te neem, kan net so opwindend wees soos om 'n leeu in die wildtuin te sien - en dit hier in jou eie agterplaas!

**Selfs** sonder om die otters self te sien, kan ons tog baie van hulle te wete kom uit die tekens wat hulle laat. Die mis wat normaalweg uit krap-en kreefdioppe, visgrate en beentjies van paddas en voëls bestaan, gee 'n duidelike aanduiding van hulle dieet. Ondersoek toon dat hul kos hoofsaaklik uit die see kom, maar langs riviere en veral tydens stormweer, kom daar ook reste van rivierkrappe en paddas in die mis voor.

**Die** mishope dien om hul gebied af te baken. Hieruit, en van die spore, kan afgelei word hoeveel otters daar in 'n gebied is. Volgens my eie waarnemings vergelyk die digtheid van ons streek se otterbevolking goed met dié van die Tsitsikamma Nasionale Park, 'n gebied met baie min versteuring.

**Otters** word wêreldwyd as 'n goeie teken van 'n onversteurde omgewing beskou. Hulle is skugter diere wat gevoelig is vir die druk van mense en vir die oorbenutting en besoedeling van die omgewing - iets wat al feitlik sinoniem geword het met elke menslike nedersetting.

**Dat** otters nog vry algemeen in hierdie streek voorkom, is 'n aanduiding daarvan dat ons omgewing nog betreklik "gesond" is. Veral die beskerming van die kusstrook met sy baie digte bosse wat skuiling bied, is belangrik. Otters het egter 'n wye loopgebied en 'n gesonde bevolking sal uiteindelik afhang van hulle veiligheid in die groter omringende gebied. Die beplanning van die kusstrook van Botriviervlei tot by Rooiels kan gerus die voortbestaan van otters as vertrekpunt gebruik. As die otters gelukkig is, kan 'n aangename omgewing gewaarborg word.

Dr Neill Fairall

` Uittreksel uit: Fynbos 61/1994

Uitgegee deur Kleinmond Natuurbewaringsvereniging




## Rooiels of Rooi Els or Rooi-Els

**U word uitgenooi om insette te lewer oor 'n eenvormige spelwyse van ons dorp se naam.**

**Skryf aan ons met u voorstelle vir 'n eenvormige spelwyse.**

## REPORTING SIGHTINGS



Craig Spencer (Nature Conservation Officer for the area) is busy compiling an ecological inventory for the area and would appreciate reports of any interesting sightings. This includes plants, animals, marine life and birds. These reports should include place, date, time and numbers of the sighting.

Forms available from Craig for this purpose.

Report telephonically : 02823 29263

## Rehabilitation of the Reservior-area and MTN site

Construction at the above site resulted in an open scar on the hillside approximately 120 meters long and 26 meters wide at the widest point. The most challenging feature which required rehabilitation was the 1 - 1.5 m vertical cutface on the

uphill side of the access road. The balance of the rehabilitation work involved a more moderate slope (45degrees ) comprising loose sandstone gravel.

The objectives of the project were to improve the visual impact by covering or "hiding" the exposed rocky cutface and to revegetate the site with locally indigenous fynbos vegetation and so to improve the negative visual impact of the scar.

The first phase of the project has been to cover the cutface by establishing a cut brush and branch layer against it. This layer is held against the slope with wire mesh pinned into the slope with steel rods. In order to improve the substrate of the 45 degree slope, simple horizontal gabions were built on the contours of the slope in order to hold enriched soil.

The second phase will involve bringing in topsoil and planting with suitable plant material. This will be done after the arrival of the first good winter rains.

The road has been levelled and a turning circle marked out. All the rest of the road verges will be planted up and well mulched.

Hopefully, within a few years the scar will be much less visible.

**Jenny Beresford**

## THE ROOI ELS HEALTH AND HACKIT CLUB

Naastenby 60 huishoudings het aangedui dat hulle aan die kapdae wil deelneem. Die Kapdagkomitee het voorlopig besluit om elke eerste Saterdag van die maand te kap. As u dalk wil deelhê aan hierdie heerlike sosiale geleenthede en ander Rooielsers leer ken, sluit gerus by ons aan.

We, the committee, have some new tricks up our sleeve which we would like to discuss with our Nature Conservation officer, Craig Spencer, first. All hackers will be kept informed by means of a regular hack newsletter.

## SEEWAG/SEAWATCH

### Mylpale 1996

*Stigting van die Seewag.

*We appointed a co-ordinator to take calls from the public (re poachers) and to call in the authorities.

*Meer as 'n duisend pamflette, wat die publiek inlig oor die kritieke stand van perlemoen en die doelwitte van die SEEWAG, word hierdie seisoen uitgedeel.

*MTN donated two cell phones, one for the co-ordinator and one for Craig Spencer.

*Seewagborde met ons selfoonnommers word in Rooiels, Pringle-, en Bettysbaai aangebring.

*Members became honourary sea fisheries officials, inspected many divers' catches and entered the catches on permits.

*Ons hou gereelde samesprekings met die polisie, seevisserye en die kuswag om aksies te koördineer.

*Poachers were apprehended in Pringle Bay, Betty's Bay and Rooi Els and were fined given suspended or jail sentences.

*Die polisie van Kleinmond skryf 25% van die stroopgevalle se arrestasies toe aan Seewag/Seawatch.

*A large amount of crayfish and perlemoen from poachers' catches was put back in the sea.

*Seewag/Seawatch word deel van Seapac, wat deur die vloot geïnisieer is.

*A Sea Workshop in Rooi Els was attended by about 30 people.

*Skole in Proteadorp en Kleinmond doen navraag oor

seewerkswinkels vir die kinders.

*Gansbaai also indicated their wish to join Seewag/Seawatch.

**Evette Weyers**

## Die Rooiels Natuurreservaat

Nuwe lewe word tans in die Rooiels Natuurreservaat (RENR) geblaas. 'n Advies-komitee is in 1996 deur die Premier van die Wes-Kaap aangestel om na sake rakende die RENR om te sien.

The Board met on 1 February with a draft management plan as the main topic for discussion. Helpful guidance came from the conservation officer, Craig Spencer. The essence of the plan is to provide long-term security for our reserves, interfacing with the approaches used in other parts of our region.

Belangrike sake wat vervat word in die dokument is, onder andere, die doelstellings, inlywing van ander gebiede by die RENR, ekologiese belangrikheid, verskillende rolspelers, die nut van bewaring van die RENR, visie en beplanning, beheer van indringerplante, besonderhede oor fauna en flora in die gebied, die RENR as 'n bewaringstrategie en die RENR as deel van die struktuurplan van die omgewing.

The Board's views were conveyed to a meeting of the Kleinmond-Hangklip Council on 7 February, which was also attended by Mr Geoff Underwood, the town planner. The meeting was given an in depth view of the challenges and rewards we have in running our nature reserves. The success of our nature walks and the importance of environmental interpretation was noted. The importance of protecting the marine zones was mentioned. A strong feeling of concensus pervaded the meeting.

We Rooi Elsers have an enthusiastic team on our Advisory Board and we can expect exciting progress. For your part in this progress, give yourself an imaginary medal for all those Rooikrans seedlings you pull out, and don't forget those healthy hacks run by Jean Cowen and her team.

Die Advieskomitee bestaan uit Prof Tony Hall (voorsitter), Eldie Brink, Frank Raymond, Evette Weyers, Dr Mike Harris en Gerard Scholtz

## TREES SUITABLE FOR ROOI ELS



Darélle Snyman, a resident of Rooi Els, is currently working on a project for Professor Tony Hall to find indigenous replacements for removed alien plants. The objective of the project is to find and compile a guide on the most suitable indigenous trees and shrubs that can be planted in the place of removed Australian Acacias. The following properties will be taken into account in the selection of species: rate of growth, ease of cultivation, resistance to wind, use as a windbreak, shade and ornamental quality.

Elke geselekteerde spesie sal dan in die gids bespreek word t.o.v. die bg. kriteria. Die gids sal hoofsaaklik spesies dek wat reeds op Rooi Els gevind word en dan ook 'n paar ander insluit wat in die groter omgewing aangetref word. Enigiemand wat weet van inheemse spesies wat gehard is en goed in hulle tuine vaar, kan Darélle skakel by (02823) 28773.

Darélle is ook die Rooiels koördineerder vir Seewag. Indien u enige verdagte bedrywighede opmerk, kontak haar by 083 212 2252 of vir Craig Spencer by 083 212 2253.

# ONS FRAAI KOL-KATTE

'n Gelukkige inwoner van Rooiels, Pierre du Toit, het onlangs teen vyfuur een middag 'n luiperd langs sy huis sien verbyloop. Diè het hom toe so ewe tuis gaan maak op Ankers se rotse en vir lank daar gesit en die wêreld bekyk.

Tien jaar gelede het Gideon Joubert die volgende in *Van*

*Alle Kante* in **Die Burger** geskryf:

Heerengracht 40 Kaapstad 8001 3 Januarie 1987

**Ek** beny die Bettysbaaiers en Rooielsers vir hulle luiperds. Verlede week is 'n luiperd gevang wat pikkewyne naby Bettysbaai doodgebyt het. Die luiperd is in 'n vanghok vasgetrek en in die Kogelberg losgelaat. Verlede Saterdag het nog 'n luiperd, of dieselfde een wat teruggekom het, op Rooiels 'n miniatuur poedel gegryp en laat vat bosse toe.

**Ek** sou wat wou gee om 'n luiperd in my tuin te hê. Ongelukkig is daar mense wat histeries raak as hulle 'n muis, 'n spinnekop, 'n slang, 'n bobbejaan of 'n wildekat sien, om van 'n luiperd nie te praat nie. Al hierdie mooi diere van die veld word mos onder "ongediertes" geklassifiseer.

**Dit** is tog vreemd dat mense wat vakansiehuise koop waar hulle van die beskawing kan wegkom, so groot skrik as die natuur effens na hulle kant toe staan. Rooiels is mos bobbejaan-, dassie-, muishond- en luiperdwêreld. Mense van Bettysbaai wat so bang vir luiperds is, weet nie hoe dikwels hulle onwetend teenaan een verbyloop nie.

**Bergklimmers** weet dat die fraai gespikkelde katte altyd hul onsigbare metgeselle is.

<u>HUL SPORE</u>

**Hoe** dikwels het ek nie in die berg in 'n voetpaadjie gestap en 'n uur later teruggekom en die spore van 'n luiperd gesien wat my gevolg het nie.

**Maar** hom onder oë kry, moenie glo nie. In die Sederberge het ek in 'n droë rivierloop geslaap. Die volgende oggend was 'n luiperdspoor langs die plek waar ek met my kop geleê het. Hy moes diè nag aan my geruik het.

**Luiperds** wat mense vreet, is onbekend. Bettysbaaiers wat oor hulle kinders bekommerd is, kan gerus slaap. Ek weet net van een geval, jare gelede, dat 'n mens deur 'n luiperdwyfie aangeval is.

<u>SAGTE BONDELTJIE</u>

**'n Gesin** het by Rooiels met die rivier opgestap toe hul dogtertjie op luiperdwelpie afkom wat water suip. Sy het die gestreepte bondeltjie opgetel.

**Die** wyfie het met vlammende oë uit die bosse gestorm, die dogtertjie 'n oorveeg gegee, die welpie opgeraap en laat spat. 'n Dokter moes die krapwonde aan die kind se gesig en arm met 'n steek of drie toewerk.

**Die** luiperdwyfie het nie gebyt nie. Sy het haar boeglam geskrik toe sy die dogtertjie met haar welpie in die arms gesien het. Wat sou 'n mens-ma in dieselfde omstandighede gedoen het?

**Gideon Joubert**

## Diskriminerende Tariewe is Ongrondwetlik

Rooiels betaal steeds meer ten opsigte van munisipale dienste (bv. vir water en die leegmaak van septiese tenks) as ander gebiede binne die Kleinmond/ Hangklip Munisipaliteit. Hierdie onregverdige diskriminasie is reeds verlede jaar deur die REBBV onder die aandag van die Munisipaliteit gebring.

In 'n onlangse hofuitspraak deur 'n volbank van die Hooggeregshof op 30 Januarie 1997 in 'n saak teen Pretoria Munisipaliteit het die hof beslis dat sodanige diskriminasie ongrondwetlik is.

Die REBBV het weereens 'n skrywe aan die stadsklerk gerig ten einde die hofuitspraak onder sy aandag te bring. Die stadsklerk is versoek om hierdie aangeleentheid as 'n saak van dringendheid in die volgende begroting reg te stel sodat 'n eenvormige tariefstelsel in die munisipale gebied geld.

U sal op hoogte gehou word van verdere verwikkelinge in hierdie verband.

## Ons Baba



Ons jong witkruisarend het Rooiels en haar ouers in die middel van Januarie verlaat. (Louise du Toit is oortuig dat die jong arend wel 'n lid van die vroulike geslag is!) Rooiels se mooiste wense vergesel die jong arend in die harde en wrede wêreld daarbuite. Ons hoop dat ma en pa Arend weer teen April vanjaar 'n vonkel in die oog sal kry en weer broeis raak.

# EASTER PROGRAMME

## Easter Saturday

29 March

Black Bag Day



Everyone, young and old, welcome!

9:00 - 11:00

Meet at Rosie's

Refreshments

## Rooiels Boat Club



AGM

11:00 - 13:00

House of Diarmuid Baigrie

Erf 101

## Paassondag

30 Maart

17:00



Stap saam met Prof Tony Hall deur die Rooiels Natuurreservaat en leer meer omtrent die fauna en flora van hierdie gebied

Ontmoet 17:00 by Rosies.

## Paasmaandag

31 Maart

9:00



Die Natuurvereniging van SA, in samewerking met die Rooiels Belastingbetalersvereniging, hou 'n gesamentlike kapdag.

Die oogmerk is om die Australiese Mirte tussen Rooiels en Pringlebaai finaal die nekslag toe te dien.

Ontmoet 9:00 by Rosies. Bring sae, knippers en handskoene saam. Of kom help wegsleep.

Anyway, the Christmas holidays have come and gone. The perfect weather over Christmas, changed when it started to blow and blew on and off for the next two weeks. Since then it has been very nice indeed.

According to our local letting agents, Holidayscapes, the holiday season was a complete sell-out. All available houses were taken. These visitors are generally not a problem - it is the tremendous increase in day visitors that is cause for concern. I have never seen them come in such numbers - hundreds of them. The smell and pollution left behind on our rocky shores will have to wait for the first of the winter storms to clean it all up.

Talking of being on the rocks, I must bring it to your attention that all those little crosses along the road from Gordon's Bay to Rooi Els are not for people who have died in car accidents, but for rock fishermen, women and children who have been swept off the rocks by freak waves.

Sea Side REALTORS cc
ROOI ELS - PRINGLE BAY
CRS
JO HENSEN
TEL/FAX: (02823) 28383
A/H: (02823) 28568
CRS The Symbol of Excellence
Member of Institute of Realtors S.A.

Hi Readers

I am not sure whether to address you as readers of the Breeze or as Breezy readers!

Two local residents can vouch that this still happens - it happened to them during January. They lived to tell the

tale only because they were "lucky" - if you can call being lacerated, grazed and bruised all over your body "lucky". In a second incident a policeman in full diving gear was also swept off the rocks and could not regain the shore in spite of his mates trying to help him. He was injured and would have drowned if it hadn't been for the John Rolfe helicopter. So, please, treat the sea with respect.

Enough news and on to the commercials:

If there is anyone thinking of selling plots or properties, please give me a ring at (02823) 28383. The prices are very good, the demand is there, and I am running out of stock. On the security side we are having a vrey good run with no burglaries for some time now. I think the construction work on the main road has something to do with it. But, nothing good lasts for ever, so this is a good time to have your electronic security system installed to protect your property. Don't wait until you are a victim - act now! For about R2500 you can have an up to date electronic system installed in your house and for a further R40 per month it will be monitored night and day. Just give me a ring and I will organise everything.

We have four more permanent households than at the time of the last Breeze. Firstly we have Mr and Mrs Faure, erf 277, local farmers who have decided that living in Rooi Els is even better than farm life. Then Mr and Mrs Burger from KykiC who are still wondering what to do with all their furniture. Elida van Dyk, erf 228, who decided that Rooi Els was the place to be after years in Germany and Russia, moved in during December. Then our latest addition to permanent residents is none other than Gerard Scholtz, erf 222 and his wife, Anuta. These two stalwarts of Rooi Els have, and still do, a lot for Rooi Els in many ways.

Erf 75 has been sold, but I don't know the buyer's name. Whale Cottage on Porter Drive was sold to Mike Christelis from Johannesburg. Mrs Wale of erf 257 has sold to Pat Melagan and Christo Nel, who already own erf 324.

Yesterday my wife and I saw the plume of a blowing whale, far out to sea. On mentioning this unusual occurrence at this time of the year to one of our seawise residents, he informed us that this whale is of a species that feeds on small pelargic fish and has surfaced around their fishing boat on a number of occasions, half frightening them to death. However, it appears quite friendly, comes up, gives them a good look over with an eye "the size of a soup plate" and goes on its way again.

Well, folks, this tale has become much longer than intended, so keep well, keep in touch and tot siens.

Jo Hensen

*Principal: Sea Side Properties and Sea Side Security*

# Waste Management




The disposal of solid waste in our region, as well as the Greater Hermanus and Bot River areas is in a crisis situation. All four existing waste sites are unsightly, general difficult to manage and pose a serious threat to the environment.

The Department of Water Affairs insits that the waste disposal sites at both Betty's Bay and Kleinmond be closed as a matter of urgency. Our Council has not yet succeeded in finding an alternative site within our area, and the solution may well be a site outside the Hangklip-Kleinmond area.

This is an expensive solution, and it is therefore of the utmost importance that as a community we reduce the amount of waste that must be transported out of the area as much as possible. The Council has appointed Dr Neil Fairall as a consultant to advise on recycling and the Exco of the RERA will also be seeking advice as to how to face this challenge in Rooi Els. Any input from ratepayers would be welcome.



# The Federation of Ratepayers

This body, consisting of representatives from the different ratepayers associations in the Hangklip-Kleinmond area, meets bi-monthly to discuss matters of common interest, to share information relating to the managemnet and development of the area, and to act as a pressure group in the interest of the ratepayers of the area. Matters currently under discussion include:

- problems relating to water tariffs
- more efficient waste management
- law enforcement
- speed control
- rezoning issues and the need for a structure plan for our area
- improved ways of fighting fires
- conservation issues
- the Palmiet River Catchment Steering Committee
- quarrying on the catchment of the Buffels River Dam

**Die Bries/Breeze is 'n publikasie van die Uitvoerende Komitee van die Rooiels Belastingbetalersvereniging.**

**Posbus 89 Bettysbaai 7141**